19 NOVEMBER 2017

09:00 Erediens – Nagmaal en Gemeente-verjaarsdag

Immanuel van Tonder

Lynnwood Foto-album *Psalm 111*

18:00 Aanddiens – Koinonia

Jeanri Bezuidenhout

Ons vier vandag ons gemeente se verjaarsdag met ons jaarlikse Potjiekos-ete. Kom kuier gerus saam na die erediens – ons beplan om 12:00 te eet. Baie dankie aan almal wat bygedra of deel gehad het aan die sukses van ons potjie-ete –
u meelewing word opreg waardeer.

26 NOVEMBER 2017

09:00 Erediens

Peet Crous

18:00 Kerssangdiens

SENIOR LIDMATE

Ons kuiergeleentheid vir senior lidmate vind vanjaar op Donderdag, 30 November 2017 vanaf 12:00 plaas. Indien jy die geleentheid gaan bywoon, plaas asseblief jou naam op 'n naamlys by die info-toonbank na die erediens, of skakel die kerkkantoor gedurende kantoorure. Daar is slegs plek vir 90 mense! Die bywoning is gratis, maar jy kan by die kuiergeleentheid 'n donasie gee.

DANKIEMAAND

Ons vier ons jaarlikse **DANKIEMAAND** met die tema "My beker loop oor". Ons raak gedurende dié tyd bewus van die gawes wat die Here in al die seisoene van die jaar gee. Ons is dankbaar oor die bediening van die afgelope jaar in Lynnwood Gemeente, maar ons sien ook met baie verwagting en opgewondenheid uit na 2018 om in God gewortel 'n lewegewende gemeente wees! Baie dankie vir die bydraes wat reeds ontvang is. Byvoorbaat baie dankie vir u aandeel aan die betekenisvolle verskil wat die gemeente maak.

KERSLIEDERE BY KERSLIG@WESKOPPIES

Ons woon oudergewoonte weer die spesiale geleentheid by. Dié diens vind Woensdag, 29 November om 18:00 in Weskoppies se grootsaal plaas. Almal vertrek om 17:00 vanaf die gemeente en sal weer om 20:15 terug wees. Oud en jonk welkom. Trek asseblief groen-, rooi- of wit-klere aan. RSVP asseblief by Liani 079 506 4078.
Ons wil graag die pasiënte met 'n pakkie skyfies (*crisp*) en 'n blikkie Coke. Ons benodig 240 van elk. Indien u bereid is om te help, skakel asseblief vir Fay 083 478 0854 of Liani 079 506 4078.

Voorbidding:

Dries en Eleanor Cornelius en familie, 11de Straat 78, Menlopark, 083 285 4490 – Eleanor se ma, Eleanor de Villiers, oorlede. Begrafnis was Vrydag.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Gemeentevroue Komiteevergadering** 16:00 (A21).
Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **Geen Bybelstudie** Eric Scholtz – weer op 28 November 2017. **Helplift Bedieningvergadering** 17:00 (Kapel). **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Woensdag:	**Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854. **Oop vir die Oomblik-kursus** 19:00 (Kapel) – Willem Nicol en Immanuel van Tonder 083 540 6015.
Vrydag:	**Geen Bybelstudie** Eric Scholtz – weer op 1 Desember 2017. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Bewys van Lidmaatskap:

Juan Ferreira, Sussexlaan 439, Lynnwood, 084 588 4948.

Lynnwood Kersfees-aandmark:

Ons hou op 25 November Lynnwood se eerste Kersfees-aandmark! Om die stalletjies te help met voorraad benodig ons asseblief die volgende:

- 10 bakke (2 liter) vanilla roomys (kontak asseblief vir Luanne Stoop 084 739 8136;
- poeding (kontak asseblief vir Maretha Brits 073 267 7019;
- vrugtekoek (kontak asseblief vir Bettie Hammann 082 550 5079);
- tuisgemaakte lekkers (kontak asseblief vir Hannelie van Tonder 083 452 0441);
- tuisgemaakte konfyt, -souse, ingelegde vrugte, ens. (kontak asseblief vir Fay van Eeden 083 478 0854);
- mense wat bereid is om brode te bak (ciabata, volgraan, piesang, gemmer en wortelkoek) (kontak asseblief vir Fay 083 478 0854).

Skakel asseblief die betrokke persone of die kerkkantoor by 012 348 1245 indien u kan help. Byvoorbaat baie dankie vir u gewaardeerde ondersteuning.

Kersfees@Ubuhle-kleuterskool:

Daar is nog ‘n paar name se geskenkpakkies uitstaande. Indien u ‘n naam geneem het om ‘n pakkie te vul, bring dit asseblief voor of op 22 November na die kerkkantoor. Baie dankie vir almal se gewaardeerde ondersteuning!

Jakaranda Liggiesfees:

Baie dankie aan almal vir die talle skenkings wat reeds ontvang is! Daar is nog 'n behoefte vir *cappuccino*-pakkies gewoon/onversoet of *Decaf* en langlewemelk. Die houer sal weer vandag en die 26ste in die portaal beskikbaar wees vir skenkings of bring dit na die kerkkantoor gedurende die week. Nogmaals baie dankie vir die ondersteuning, julle meelewing is vir ons 'n inspirasie om vanjaar se liggiesfees baie spesiaal te maak. Kontak gerus vir Anneke Doms 082 376 2604.

CMR Liggies:

Die CMR loods ook ‘n projek met die tema: Laat daar lig wees – ‘n teken sinoniem met HOOP. Met Kersfees om die draai is die CMR-span ook besig om Kerswense te laat word – raak asseblief hierby betrokke en bring so saam met hulle HOOP en LIG. Belangstellendes kan gerus vir Anja le Cornu 012 460 9272 (x2) skakel. Kyk gerus na hulle mooi banier en liggies by die Sussexlaan ingang.

Kontak van die week: Om te floreer

In die 21ste eeu is daar min konsepte wat universeel genoem sou kon word. Min konsepte wat oor 'n verskeidenheid van dissiplines strek, van filosofie tot ekonomie, van godsdiens tot wêreld gesondheidsbeleide, van etiek tot psigoanalise, van energiebestuur tot die kunste, ensovoorts. Volgens JT Pennington leef ons in 'n tyd van diversiteit en spesialisasie waarbinne baie min universele temas bestaan. Daar is verseker skoonheid en rykdom hierin, maar niks universeel nie. Tog is daar een meta-tema of meta-konsep wat wat oor die grense van tyd en wêreldbeskouings strek. Hierdie konsep is diep gewortel in ons as mense ten spyte van ras, kultuur en waardes. 'n Mens sou kon argumenteer dat hierdie konsep die motiverende dryfkrag en doelwit agter alles is wat ons as mense dink en doen. Hierdie idee of konsep is om as mense te floreer (*human flourishing*).

Hierdie gedagte van floreer is ook nie vreemd aan die Bybel of die Bybelskrywers nie. Daar is drie konsepte in die Ou en Nuwe Testament wat vir ons 'n prentjie gee van 'n bybelse teologie van menslike florering:

Shālôm/eirēnē/vrede - In die meeste vertalings word die konsep vertaal met die woord "vrede", maar *Shālôm/eirēnē* se betekenis strek wyer as die afwesigheid van konflik of geweld. Dit verwys na redding, heelheid, integriteit, tevredenheid, versoening, vryheid van gebreke, gemeenskap, verbondenheid, geregtigheid, billikheid en welstand. ***Shālôm/eirēnē*** is om in die regte verhouding met God, mense en God se skepping te staan.

***`ashrê/makarios/geseënd/gelukkig*** – Wanneer die Bybel verwys na die wat *`ashrê/makarios/geseënd/gelukkig* is, is dit 'n verwysing na 'n manier van wees (*being*) in die wêreld wat uitloop op ware *flourishing*. Die*`ashrê/makarios/geseënd/gelukkig*-tekste wil vir ons riglyne gee oor hoe ons in hierdie wêreld kan leef sodat almal floreer.

Tāmîm/teleios/heelheid – Hierdie konsep oorvleuel baie met die konsep van *shālôm*.

Miskien kan al die bogenoemde die beste opgesom word deur Miroslav Volf se verstaan van die groot kerkvader Augustinus se denke rondom wat dit beteken om te floreer. Volf skryf: *'According to Augustine, because God is the only source of any good to be found in the world, human beings can flourish and be truly happy only when they centre their lives on God, the source of everything good, true, and beautiful. The only way to properly enjoy (and not pervert) good things in the world is to love them "in God" and in relation to him in the proper balance and shape. The supreme good for humans, Augustine argues on the basis of Scripture, is the double love of God and neighbour. Human happiness and flourishing come about through the harmonious fellowship of enjoying God and others.'*

Mag jy ervaar dat jy floreer deur jou verhouding met God en ander. En mag jy die lewe wat God gee aangryp en so leef dat nie net jy floreer nie, maar dat jy ook ruimtes skep waar ander God se ***Shālôm/eirēnē*** ervaar.

Liefde
Fay
(Namens die predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

helplift NETWORK

EK BIED MY GAWE AAN:

Lynnwood Gemeente

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

re#iMagine Matriekfees Heroldsbaai vir skoolverlaters vanaf 29 Nov. – 6 Des. Koste R1000 pp. Navrae: albetheunissen@gmail.com, www.facebook.com/matriekfees of skakel 082 928 3561.

Verblyf beskikbaar vir 'n dame: Kamer met badkamer, wasmasjien, kombuis. Gerieflik naby alles (Faerie Glen hospitaal-omgewing). Koste: R3 500 pm. Navrae: Riana 072 295 1522.

Vier swart Labrador reun-hondjies te koop – ontwurming en inenting ingesluit. Lieflike kinder- en gesinshonde. Kan vanaf 1 Des na hulle nuwe huise gaan (7 weke oud) Kontak Stefanie 082 820 1837 as jy belangstel.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Snap here to pay

SnapScan

Dankoffers: Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.